(Vanaf Bl. 2)
Daar is dus tans geen gronde hoekom gelde vanaf die ODM weerhou word nie. Vir die wat nie kan betaal nie a.g.v. finansiele druk – maak 'n afspraak met die ODM se Munisipale Bestuurder en kyk of dit moontlik is om die saak te beredder.
Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg en glo my die Amptenare met wie ek oor hierdie saak gekommunikeer het, wil nie een sien dat enige mens hulle plek te Uilenkraalsmond moet verloor nie.

Lidmaatskap van die Kampvereniging en betaal van ledegelde

Vir die Bestuur van die Kampvereniging om standpunt in te neem en te onderhandel namens die mense van Uilenkraalsmond, is dit absoluut noodsaaklik dat daar 'n baie beduidende deel van die struktuureienaars hulle ondersteuning aan die Bestuur gee deur aan te sluit by die Kampvereniging en die R100 lidmaatskapgeld per jaar te betaal. Die lidmaatskap is vanjaar tot 'n groot mate gebruik om regsverteenwoordiging te bekom, regsopinies te kry en prokureurs briewe te skryf. Die onderhandelinge wat tans m.b.t. ons kleinmaat elektrisiteit verskaffing plaasvind kom nie sonder die insette en raad van ons prokureur nie – niks is verniet nie en as ons die reguit pad wil loop en ons rug wil afdek, is hierdie kundigheid en spesialiskennis noodsaaklik en dit kos geld. Help julleself deur die Bestuur te help om die saak van Uilenkraalsmond te dryf tot voordeel van elkeen wat 'n plekkie in die son op hierdie plek wil hê.
Die Bestuur van die Uienkraalsmond Kampvereniging wens u en u familie elkeen 'n baie aangename fees-seisoen toe. Laat dit 'n gelukkige en veilige tyd in u lewe wees en ek hoop dat u in 2011 met 'n groot "SMILE" sal terugdink aan u tyd in Uilenkraalsmond einde 2010 - begin 2011.

Groete

Hein Roux
31/10/2010

Van die Oordbestuurder

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om namens myself en die ODM, die inwoners en vakansiegangers van Uilenkraalsmond te bedank vir 'n aangename jaar wat verby is. Dankie vir die belangstelling wat u toon teenoor Uilenkraalsmondoord. Ons poog deurlopend om 'n atmosfeer daar te stel waar u kan ontspan en uitrus om weer die batterye te laai vir die uitdagings wat elke dag bied.
Ek wil ook graag die semi-permanente inwoners en vakansiegangers bedank vir hulle positiewe gesindheid gedurende die jaar. In hierdie tydperk het ek 'n aantal oproepe ontvang van eienaars wat probleme uitgewys het…onthou u is die ore en oë binne Uilenkraalsmond. Ek benadruk weereens my mikpunt om van Uilenkraalsmondoord 'n ware gesinsbestemming te maak.
Ek is van mening dat indien ons sou terugkyk op 2010, ons sal besef dat die jaar wat verby is vry was van enige ernstige misdaad. Dit is grootliks te danke aan elke inwoner en vakansieganger van Uilenkraalsmond se positiewe bydrae. Ons beoog om gedurende die Feesseisoen twee addisionele wagte aan te stel wat bedags en snags fietspatrollies sal doen. Daar sal ook Wetstoepassingsbeamptes deur die Overstrand Munisipaliteit aangestel word om ons inwoners en vakansiegangers by die strand te beveilig en ook op te tree teen persone wie hulle skuldig maak aan misdadige optredes. Gereelde patrollies sal deur die SAPD binne die oord uitgevoer word vir wangedrag, vandalisme, ongelisensieerde bestuurders asook persone wie onder die invloed van drank bestuur. Daar sal baie streng opgetree word teen minderjariges wat onder die invloed van drank is asook drankgebruik voor die winkel. Geen honde word op die perseel toegelaat nie. Die eienaar sal aanspreeklik gehou word vir die kostes vir die verwydering van die hond.
'n Besprekingsbeheerstelsel is aangebring en word daar versoek dat elke semi-permanente inwoner die kantoor kom besoek om u inligting op datum te bring.
Aansoeke vir besprekings vir 2011/12 Desembervakansie word alleenlik aanvaar vanaf 1 Februarie 2011. Aansoeke sluit op 30 Junie 2011 waarna 'n proses van evaluasie gevolg word om die aansoekers te evalueer en te keur veral deur die puntestelsel toe te pas. Die minimum tydperk vir verblyf tussen 15 Desember en 5 Januarie is 14 dae. Vanjaar het baie lede weer aansoek gedoen vir veral die periode 15 Desember tot ongeveer 3 Januarie en moes baie lede weer verneem dat

Johan Botha

daar nie plek beskikbaar was nie. Met die puntestelsel word daar reeds gepoog om aan almal wat aansoek doen vir akkommodasie en kampering 'n geleentheid te bied om per geleentheid die oord te besoek. As gevolg van die massas aansoekers vir die tydperk soos genoem gebeur dit dat almal wat aansoek doen nie elke jaar volgens hul behoefte gehelp kan word nie.
Ingevolge die Wet op Plofstof van 1956 word die afvuur van vuurwerke binne die oord of omliggende gebied streng verbied. U moet in gedagte hou dat die oord oor 'n brandstof-en gas depot beskik. 'n Boete van R 600-00 of 12 maande gevangenisstraf kan opgelê word vir oortreders. Aansoek om 'n permit is gedoen en 'n gebied op die strand sal uitgewys word om op Nuwejaarsdag tussen 'n bepaalde tyd klappers te kan skiet.
Ek wil graag 'n beroep aan almal doen om vandalisme of enige ander kriminele aktiwiteite by die sekuriteitskantoor of die bestuurder aan te meld. Ek wil u versoek om die kamp-reëls na te kom ten einde u van 'n boete te vrywaar of om u te versoek om die oord te verlaat. Daar word staatgemaak op u samewerking.
Samesprekings is gehou met betrekking tot die interne verspreiding van elektrisiteit in die oord. Overstrand munisipaliteit se primêre taak is om 'n grootmaatmeter op die oord se grens te verskaf. Die Munisipaliteit het geen bedoeling om 'n onhanteerbare situasie vir die kampkomitee of vir die ODM te skep nie. Voordat 'n besluit geneem kan word, moet alles eers in plek wees. (Vervolg op Bl. 4)